kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Verandering by my?

Skriflesing: Psalm 25 (1953)

1 'n PSALM van Dawid. Alef. Tot U, o HERE, hef ek my
siel op.
2 Bet. My God, op U vertrou ek; laat my nie beskaamd staan
nie; laat my vyande oor my nie juig nie.
3 Gimel. Ja, almal wat U verwag, sal nie beskaamd staan nie.
Hulle sal beskaamd staan wat troueloos handel sonder
oorsaak.
4 Dalet. HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie.
5 He. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God
van my heil. U verwag ek die hele dag.
6 Sajin. Dink, HERE, aan u barmhartigheid en u
goedertierenhede, want dié is van ewigheid af.
7 Get. Dink nie aan die sondes van my jonkheid en aan my
oortredinge nie; dink aan my na u goedertierenheid, om u
goedheid ontwil, o HERE!
8 Tet. Die HERE is goed en reg; daarom sal Hy sondaars
leer aangaande die weg.
9 Jod. Hy sal die ootmoediges lei in die reg en die
ootmoediges sy weg leer.
10 Kaf. Al die paaie van die HERE is goedertierenheid en
trou vir die wat sy verbond en sy getuienisse bewaar.
11 Lamed. Om u Naam ontwil, HERE, vergeef my
ongeregtigheid, want dit is groot.
12 Mem. Wie tog is die man wat die HERE vrees? Hy sal
hom leer aangaande die weg wat hy moet kies.
13 Noen. Hy self sal vernag in die goeie, en sy nageslag sal
die land besit.
14 Samek. Die verborgenheid van die HERE is vir die wat
Hom vrees, en sy verbond om hulle dit bekend te maak.
15 Ajin. My oë is altyddeur op die HERE, want Hý sal my
voete uit die net uitlei.
16 Pe. Wend U tot my en wees my genadig, want ek is
eensaam en ellendig.
17 Sade. Die benoudhede van my hart is wyd uitgestrek; lei
my uit my angste.
18 Resj. Aanskou my ellende en my moeite, en vergeef al my
sondes.
19 Resj. Aanskou my vyande, want hulle is talryk, en hulle
haat my met 'n gewelddadige haat.
20 Sjin. Bewaar my siel en red my; laat my nie beskaamd
staan nie, want by U skuil ek.
21 Tau. Laat vroomheid en opregtheid my bewaar, want U
verwag ek.
22 O God, verlos Israel uit al sy benoudhede!

Everyone thinks of changing the world, but no one thinks of changing himself.

~ Leo Tolstoy

Don't walk behind me; I may not lead. Don't walk in front of me; I may not follow. Just walk beside me and be my friend.

~ Albert Camus

I would rather live my life as if there is a God and die to find out there isn't, than live as if there isn't and to die to find out that there is.

~ Albert Camus

We get into the habit of living before acquiring the habit of thinking. In that race which daily hastens us towards death, the body maintains its irreparable lead.

~ Albert Camus

Broodjies vir die pad

Pope Francis' suggested New Year's resolutions

VATICAN CITY — When Pope Francis met before Christmas with Vatican employees, mostly lay people with families, he asked them to do 10 things. The list sounded remarkably like suggestions for New Year's resolutions:

— "Take care of your spiritual life, your relationship with God, because this is the backbone of everything we do and everything we are."

— "Take care of your family life, giving your children and loved ones not just money, but most of all your time, attention and love."

— "Take care of your relationships with others, transforming your faith into life and your words into good works, especially on behalf of the needy."

— "Be careful how you speak, purify your tongue of offensive words, vulgarity and worldly decadence."

— "Heal wounds of the heart with the oil of forgiveness, forgiving those who have hurt us and medicating the wounds we have caused others."

— "Look after your work, doing it with enthusiasm, humility, competence, passion and with a spirit that knows how to thank the Lord."

— "Be careful of envy, lust, hatred and negative feelings that devour our interior peace and transform us into destroyed and destructive people."

— "Watch out for anger that can lead to vengeance; for laziness that leads to existential euthanasia; for pointing the finger at others, which leads to pride; and for complaining continually, which leads to desperation."

— "Take care of brothers and sisters who are weaker … the elderly, the sick, the hungry, the homeless and strangers, because we will be judged on this."

UPDATE because we initially didn't include No. 10:

— Making sure your Christmas is about Jesus and not about shopping.

https://cnsblog.wordpress.com/2015/01/01/pope-francis-suggested-new-years-resolutions

◆◆◆

Wees ’n goeie gasheer vir dié op laaste reis

Wilhelm Jordaan

Onlangs is beweer in mediese opleiding word te min aandag gegee aan palliatiewe versorging: Hoe sterwendes se lewensgehalte deur die verligting van hul pyn en lyding (fisiek, sielkundig en spiritueel) gehandhaaf kan word.

Het dié gebrek dalk daarmee te doen dat ernstige siekte, lyding en die dood in die reël nie juis gewilde items op moderne mense se lewensagenda is nie?

Alles is ingestel op “lewe” en as ons dit nie meer kan beheer nie, skuif ons dit na die grense van die gemeenskap.

Daarom het ons plekke soos hospiese, spesialisversorgingsentrums én begraafplase – alles eenkant, ’n bietjie buite die oog en die bewussyn.

Die woorde “palliatief” en “hospies” se Latynse wortelbetekenisse help ’n mens om anders oor dié dinge te dink.

Onderskeidelik beteken hulle ’n “sagte mantel” wat oor iets geplaas word en ’n “gasheer” wat met warmte en toewyding die moeë reisiger versorg.

Almal van ons is lewensreisigers; ook die sterwende mens op ’n laaste reis.

In ’n werklik terapeutiese samelewing is ons veronderstel om vir mekaar die sagte mantel en gasheer te wees totdat die finale afskeid en stilte kom.

Navorsing bevestig dat die ernstige siekes en sterwendes dikwels op hul laaste reis nog al die behoeftes het wat die lewendes vir hulself opeis.

Byvoorbeeld in die vorm van Abraham Maslow se bekende hiërargie van behoeftes – om liggaamlik versorg te wees; om veilig te voel; om liefgehê te word en te weet jy behoort; om gerespekteer te word; om die self te kan verwesenlik en om vas te hou aan iets anderkant die beperkings van jou bevattingsvermoë.

Rachel Joyce se roman The Love Song of Miss Queenie Hennessy gaan met aangrypende erns en humor om met dié soort behoeftes van sterwendes in ’n hospies:

Die bejaarde Queenie “skryf” ’n brief aan Harold Fry; ’n man vir wie sy baie lief was, maar sy het dit nooit aan hom gesê nie.

Boonop reken sy sy het hom in die steek gelaat en sy wil dit bely. Sy is nie in die hospies om te sterf nie, maar om te lewe; wagtend dat Harold Fry sal opdaag om haar brief in ontvangs te neem.

Algaande word dit duidelik Queenie en haar vriende is allermins behep met hul lyding en naderende dood. As ’n voorligter – van kop tot tone geklee in somber pers wat haar soos ’n reuse-kneusplek laat lyk – met hulle oor die dood en toepaslike begrafnismusiek wil praat, raak Queenie en haar vriende stuitig en wil hulle liewer oor seks praat.

Hul lewe in die hospies is vol lig en lag. So asof die sterwendes sê: Om waardig dood te gaan, is om die lewe te omhels tot die laaste toe; as medereisigers wat vir mekaar die sagte mantel aangee.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-02-18-wilhelm-jordaan-wees-n-goeie-gasheer-vir-di-op-laaste-reis

Brood vir die pad

Hoe lyk ons dalk waarlik diep van binne?

Dirkie Smit

Wie pleit vir meer wáárheid kan dit verskillend bedoel. Dalk dink aan meer saaklike waarheid – en dié is al ingewikkeld genoeg. Immers, wát is waarheid?, sou Pilatus al vra. Maar dalk dink ons aan meer subjektiewe waarheid – en dié is éérs omstrede. Deur die eeue sou denkers daarvoor pleit – dog op uiteenlopende wyses. In Sincerity (2012) vertel die joernalis Jay Magill jr. onlangs dié verhaal, as intellektuele geskiedenis van die term sincerity, maar dan ’n storie vol wendinge en verrassings. Trouens, die verwarring blyk al as ons vra na die beste Afrikaanse term vir dié waarheid. Hoe vertaal ons sincerity? Ons keuse hang letterlik af van watter tydvak en tydsgees se sincerity ons bedoel.

Bedoel ons mense moet éérliker wees, soos in honest? Maar wat is dit eintlik? Eerlik soos in nie die feite verdoesel nie? Of eerlik soos in duidelik ons ware gevoelens te kenne gee? Almal ken immers dié grote onderskeid. Eerlik-akkuraat oor alles presies soos dit gebeur het, is één ding, eerlik uitspel hoe ons vóél ’n ánder. Laasgenoemde neig al na uitgesprokenheid, frankness, eenvoudig sê wat ons dink, álles wat ons voel, g’n doekies omdraai nie, maar ontlaai, sonder aansiens des persoons, sonder in ag neem van ander se gevoelens – of van wat agterna oorbly van verhoudinge. Is dit wat ons wil hê? Dat mense meer kru, onbeskof, ongepoets en aggressief sal sê net wat in ons opkom?

Sommige sal sê nee, en eerder dink aan sincerity soos in opreg. Innig, ongeveins, met integriteit, na buite soos ons wáárlik van binne ís. En dit wás oorspronklik die betekenis van sincerity. Magill vertel hoe Puriteine dié droom sou najaag. Hy noem hulle “sendelinge van deursigtigheid” – vir wie onkreukbare integriteit dié norm was, in hulleself én ander, vandáár hul ewige agterdog teenoor alle valsheid, ook in hulle éie harte.

Juis dié oneindige selfondersoek, vertel hy, sou lei tot die teendeel, want hoe gemaak as ons uitvind ons kan ons eie harte nooit regtig ken nie? Wat beteken deursigtig en openlik as ons nie self weet wie ons eintlik is, ons eie hunkeringe en motiewe nooit waarlik kan peil nie? Só volg die tydvak waarin sincerity ’n term word vir ewige soeke na ons diepste self – eers in die natuur, soos by die romantiek, maar al meer ook in ons eie donker kante, ons onbewuste, duister en verborge. Nou word opregtes die naam vir dwalers en delwers.

En met dié dat al die soekery soms maar min oplewer, word vandág se gees een van authenticity. Los die gesoek, wees net jouself, doen jou eie ding. Vergeet ander, gemeenskap, tradisie, morele ideale, integriteit, gee net uiting aan wat jy ook al wil. Selfs reklame moedig ons aan. Just do it. Think different. Have it your way. Môre sal ons wel weer iets anders wil – en dan doen (of koop) ons weer dit. Vandag dink vele dalk in dié gees, as ons praat van sincerity en waarheid. Dog, is dít regtig waarvoor mense pleit? Is dit die soort waarheid wat ons samelewing nou nodig het?

http://www.netwerk24.com/stemme/2013-06-07-hoe-lyk-ons-dalk-waarlik-diep-van-binne

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877